

Titel: Terugval-teenvoeter
Pastor: Lucille May
Datum: 6 Maart 2011
Tyd: 09:00



Psalm 32:8-9

⁸ Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou (guide you with My eye). ⁹ Moenie onverstandig wees nie, soos 'n perd of 'n muil wat met 'n stang in die bek betueel moet word as jy hom wil lei.

Numeri 11:1, 4-6

¹ Dit het sleg gegaan met die volk, en hulle het in die Here se ore gekla. En toe die HERE dit hoor, het Hy kwaad geword en vuur onder hulle ingestuur.

⁴ En die gemengde bevolking wat onder hulle was, het 'n onweerstaanbare lus vir vleis gekry (intense craving). ⁵ Ons onthou nog die vis wat ons in Egipte verniet kon eet, ook die komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel. ⁶ Maar nou wurg ons. Daar is niks behalwe hierdie manna voor ons nie!"

Romeine 1:21

¹ omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul redenasies, en hul onverstandige hart is verduister.

Lukas 17:15-19

¹⁵ En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. ¹⁶ Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan. ¹⁷ Toe sê Jesus: "Was daar tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan?" ¹⁸ Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie man wat nie eers 'n Jood is nie?" ¹⁹ En vir hom sê Hy: "Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered."

Mattheus 25:14-15

¹⁴ Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.

¹⁵ En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.

Mattheus 25:24-25

²⁴ En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; ²⁵ omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.

Mattheus 25:26a

²⁶ Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg...

Mattheus 25:28-29

²⁸ Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien het. ²⁹ Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.

Matthew Henry

"Lord, I was no spendthrift of my estate, no prodigal of my time, no profaner of my Sabbaths, no opposer of good ministers and good preaching; Lord, I never ridiculed my bible, nor set my wits to work to banter religion, nor abused my power to persecute any good man; I never drowned my parts, nor wasted God's good creatures in drunkenness and gluttony, nor ever to my knowledge did I do injury to any body." Many that are called Christians, build great hopes for heaven upon their being able to make such an account; yet all this amounts to no more than 'there you have what is yours', as if no more were required, or could be expected.

Mattheus 6:22-23

²² Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. ²³ Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!

Openbaring 2:26-27

²⁶ Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee.

²⁷ Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan.

Spreuke 25:28

²⁸ 'n Stad sonder 'n muur om hom te beskerm, so weerloos is 'n mens as hy nie selfbeheersing het nie.